5 Maart 2023
Aanlyn Erediens

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Johannes 3 : 1-9

**Tema :** Nikodemus, heilge nuuskierigheid en die vrees om verkeerd te wees.

## BROODJIES VIR DIE PAD

"Now, you might say: how can this be? I cannot feel his presence in any way. Listen to this. Sensing his presence is not in your power but in his. He will show himself when it suits him to do so, and he can also remain hidden if that is his wish. This is what Christ meant when he said to Nicodemus: 'The spirit breathes where it will: you hear its voice but do not know where it comes from, or where it is going' (John 3:8)."
— Meister Eckhart, Selected Writings

"He allowed himself to be swayed by his conviction that human beings are not born once and for all on the day their mothers give birth to them, but that life obliges them over and over again to give birth to themselves."
— Gabriel García Márquez, Love in the Time of Cholera

Christian

SOME THINK OF A Christian as one who necessarily believes certain things. That Jesus was the son of God, say. Or that Mary was a virgin. Or that the pope is infallible. Or that all other religions are all wrong.

Some think of a Christian as one who necessarily does certain things. Such as going to church. Getting baptized. Giving up liquor and tobacco. Reading the Bible. Doing a good deed a day.

Some think of a Christian as just a nice Nice Guy.

Jesus said, "I am the way, and the truth, and the life; no one comes to the Father, but by me" (John 14:6). He didn't say that any particular ethic, doctrine, or religion was the way, the truth, and the life. He said that he was. He didn't say that it was by believing or doing anything in particular that you could "come to the Father." He said that it was only by him—by living, participating in, being caught up by, the way of life that he embodied, that was his way.

Thus it is possible to be on Christ's way and with his mark upon you without ever having heard of Christ, and for that reason to be on your way to God though maybe you don't even believe in God.

A Christian is one who is on the way, though not necessarily very far along it, and who has at least some dim and half-baked idea of whom to thank.

A Christian isn't necessarily any nicer than anybody else. Just better informed.

-Originally published in Wishful Thinking and later in Beyond Words Frederick Buechner-

*Die Uittog*

*Slag gou die lam,bring ongesuurde brood*
*En bitter kruie.Eet gejaagd, want ek*
*En jul wat van my bloed is moet vertrek*
*Van hier vanaand. Die kamers staan ontbloot,*

*Sonder vertroude dinge vreemd e noop*
*Soos toe ons ingetrek het, en die haard*
*Is leeg. Maar ons kan alles lig verlaat*
*Omdat ons hart oorloop van die hoop.*

*Laat Farao ons agtervolg,laat hom*
*Kom om on sweer ted wing tot slawerny*
*Word ons nie altyd weer van hom bevry*

*Deur Een wat wandel in 'n wolkkolom?*

*Ons het ons sterk gemaak,gewend aan pyn,*
*Maar hoeveel jare,Heer, in die woestyn?*
*-Olga Kirsch-*

"What shall I give? and which are my miracles?

2. Realism is mine--my miracles--Take freely,
Take without end--I offer them to you wherever your feet can carry you or your eyes reach.

3. Why! who makes much of a miracle?
As to me, I know of nothing else but miracles,
Whether I walk the streets of Manhattan,
Or dart my sight over the roofs of houses toward the sky,

Or wade with naked feet along the beach, just in the edge of the water,
Or stand under trees in the woods,
Or talk by day with any one I love--or sleep in the bed at night with any
one I love,
Or sit at the table at dinner with my mother,
Or look at strangers opposite me riding in the car,
Or watch honey-bees busy around the hive, of a summer forenoon,
Or animals feeding in the fields,
Or birds--or the wonderfulness of insects in the air,
Or the wonderfulness of the sundown--or of stars shining so quiet and bright,
Or the exquisite, delicate, thin curve of the new moon in spring;
Or whether I go among those I like best, and that like me best--mechanics, boatmen, farmers,
Or among the savans--or to the _soiree_--or to the opera.
Or stand a long while looking at the movements of machinery,
Or behold children at their sports,
Or the admirable sight of the perfect old man, or the perfect old woman,
Or the sick in hospitals, or the dead carried to burial,
Or my own eyes and figure in the glass;
These, with the rest, one and all, are to me miracles,
The whole referring--yet each distinct and in its place.

4. To me, every hour of the light and dark is a miracle,
Every inch of space is a miracle,
Every square yard of the surface of the earth is spread with the same,
Every cubic foot of the interior swarms with the same;
Every spear of grass--the frames, limbs, organs, of men and women, and all that concerns them,
All these to me are unspeakably perfect miracles.
To me the sea is a continual miracle;
The fishes that swim--the rocks--the motion of the waves--the ships, with men in them,
What stranger miracles are there?"
— Walt Whitman, Leaves of Grass

"Because God is full of life, I imagine each morning Almighty God says to the sun, "Do it again"; and every evening to the moon and the stars, "Do it again"; and every springtime to the daisies, "Do it again"; and every time a child is born into the world asking for curtain call, that the heart of the God might once more ring out in the heart of the babe."
— Fulton J. Sheen, Life is Worth Living

*Dana Snyman: Die keer toe ek probeer het om poësie te skryf*

Dit begin seker by die wiegieliedjies wat jou ma vir jou sing: "Siembamba, mamma se kindjie." Haar arms word die woorde wat jou aan die slaap sus: "Lam-tie-tie, dam-tie-tie, doe-doe, my liefstetjie."
Jou pa vat jou handjie en leer jou om te sê: "Duimpie, duimpie-se-maat, langeraat, fielafooi, piepie-in-die-kooi." Een aand maak jou alkoholis-tante jou bang met "Die ruiter van Skimmelperdpan".
Later kan jy lees en kry D.J. Opperman se Kleuterverseboek persent: "Trippe, trappe, trone. Die varkies in die bone . . ." Gedigte word deel van jou lewe. In st. 1 sê jy A.D. Keet se "Muskietejag" dramaties genoeg op: "Jou vabond, wag, ek sal jou kry . . ." om ses uit tien vir Afrikaans-mondeling te kry.
Jy hoor hoe Totius se kind deur die weerlig doodgeslaan is: "Die dae kom en die nagte gaan; die skadu's word lank en weer kort . . ." Jy leer ken Leipoldt se Boggom en Voertsek wat saam gelewe het waar die Hantam-berge pryk.
In st. 4 is jy in die Laerskool Eugene Marais op Naboomspruit. Een middag steek die weer blou oor die Waterberge op, toe draai die wind noord, en jy dink: Kyk hoe loer ons Suster vir ons, netnou gaan sy dans.
Jy lees Johannes 1 in die Bybel: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God", en jy verstaan dit nie mooi nie. In matriek is N.P. van Wyk Louw se Raka een van jou voorgeskrewe boeke. Elke keer wanneer sy Raka lees, kry sy iets nuut daaruit, sê mev. Snyman, jul Afrikaans-onderwyseres. Met kryt skryf sy wit op die swartbord: "Ken Raka, hy die sterk dier, ons fyn, fyn net van die woord, waarmee ons blink en vet visse uit baie waters haal." Is dit nie wat Johannes bedoel nie? wonder jy.
Jy verlaat die skool, maar Koos Doep en Anton Goosen red jou vir die poësie. Jy skryf Breyten-gedigte op 'n papier en plak dit teen jou muur. Jy ontvang Koos Kombuis, toe nog André Letoit, se genade in versvorm. Jy hoor Opperman het sirrose van die lewer – dieselfde siekte wat jou alkoholis-tante weggevat het. Jy staan in 'n CNA en lees in Opperman se Komas-bundel sý weergawe van Boggom en Voertsek wat saamgelewe het – en begin daar voor die rak te huil.
Later vind jy uit Joan Hambidge het ook oor Boggom en Voertsek geskryf. Jy lees dit en van haar gedigte, en word minder bang vir haar. Jy klim saam met Gert Vlok Nel op 'n trein wat ysig fluit. Jy lees poësie soos jy die Bybel lees: Antjie Krog, Charles Fryer, Jeanette Ferreira, Clinton V. du Plessis, Johan Lodewyk Marais, Daniel Hugo, Danie Marais, Loftus Marais, Ronelda Kamfer – te veel om op te noem.
Jy probeer self 'n gedig skryf, maar besef gou jy kan nie. 'n Goeie gedig verg te veel digdink.

En nou, in hierdie jaar van ons liewe Heer 2023 het ons ChatGPT, ’n rekenaar wat met behulp van Kunsmatige Intelligensie vir jou op aanvraag ’n gedig kan skryf. Hierdie nuwe wêreld is my woning nie, is al wat jy vir eers kan dink om daaroor te sê.

---

## BROOD VIR DIE PAD

*Geestelike waardes: Roerende briewe oor lewe en die naderende dood*

Einde September 2015 is Kelly Gissendaner – in daardie stadium die enigste terdoodveroordeelde vrou in die deelstaat Georgia in die VSA – tereggestel. Sy was vir 17 jaar in die tronk weens haar medepligtigheid aan die moord op haar man, Doug.

In haar boek You Shall Not Condemn: A Story of Faith and Advocacy on Death Row (2021) vertel die Amerikaanse teoloog Jenny McBride op roerende wyse van die vriendskap wat tussen haar en Kelly ontwikkel en hoe sy deel van ’n beweging geword het wat teen haar vonnis geveg het.

McBride het Kelly in Januarie 2010 leer ken toe sy ’n teologie-program in die tronk aangebied het waarvan Kelly deel was. In dié kursus het hulle onder meer die bekende Duitse teoloog Jürgen Moltmann – wat self tydens die Tweede Wêreldoorlog ’n gevangene was – se klassieke werk A Theology of Hope (1964) gelees. Moltmann se idees oor hoop het sterk tot Kelly gespreek en McBride – wat vir Moltmann geken het – het in ’n stadium ’n brief van Kelly aan Moltmann gestuur. So het ’n besonderse briefwisseling tussen Kelly en Moltmann ontstaan (en hierdie korrespondensie is, behalwe vir ’n aantal briewe wat verlore geraak het, volledig in You Shall Not Condemn opgeneem).

In een van haar briewe aan Moltmann skryf Kelly: “The resurrection happened in this world. The resurrection, I believe, has also to do with our lives here and now.” Waarop Moltmann reageer met die opmerking dat haar brief ’n wonderlike stuk teologie is wat die hoogste punt in ’n nagraadse eksamen waardig is.

In hul briefwisseling kry ’n mens ’n kykie op ’n groeiende vriendskap, met eerlike gesprekke oor sake soos skuld, die dood en hoop. In Oktober 2015 vind daar selfs ’n persoonlike ontmoeting plaas wanneer Moltmann as gasspreker optree by die teologie-kursus vir die gevangenes se gradeplegtigheid. En dae voor haar teregstelling skryf Moltmann vir Kelly: “Let nobody rob you of your dignity: you are a beloved daughter of God.”

McBride, Moltmann en andere het moedig geveg vir Kelly se begenadiging en selfs pous Franciskus het vir haar ingetree. Maar vergeefs, want op 30 September 2015 is sy, terwyl sy “Amazing Grace” gesing het, deur middel van ’n dodelike inspuiting tereggestel.

’n Paar maande ná Kelly se dood, skryf McBride, het sy en Moltmann aan ’n podsending deelgeneem waar die vraag aan Moltmann gestel is hoe ons hoop moet verstaan in die lig van Kelly se teregstelling. Sy duidelike en besliste antwoord bied dalk ook vandag vir ons ’n belangrike woord teen ’n wanhoop wat verlam: “Hoop is protes.” – RRV

wynandgnel@outlook.com | 0829015877